LOF PSALMS EN BELOFTES

Ps 1

Dit gaan goed met die mens wat nie die raad van goddeloses volg nie, nie met sondaars omgaan en met ligsinniges saamspan nie,maar wat in die woord van die Here sy vreugde vind, dit dag en nag oordink. Hy is soos ‘n boom wat by waterstrome geplant is, wat op die regte tyd vrugte dra en waarvan die blare nie verdroog nie. Hy is voorspoedig in alles wat hy aanpak.

Ps 3

Maar U, Here, beskerm my aan alle kante, U herstel my eer en aansien. As ek na die Here roep antwoord Hy my van sy heilige berg af. As ek gaan lê, slaap ek goed; ek word weer wakker, want die Here sorg vir my.

Ps 4

Besef tog dat die Here wonders gedoen het vir die wat aan Hom getrou is. Die Here hoor as ek na Hom roep. As jy ontsteld raak, moenie sondig nie, dink in stilte daaroor na en gaan lê, en laat dit daarbly. Julle moet die offers bring wat aan julle voorgeskryf is, en julle moet op die Here vertrou. U het my reeds groter vreugde laat belewe, as wat daar by mense is, wat koring en wyn in oorvloed het. Nou sal ek **onbesorg** gaan lê en **dadelik** aan die slaap raak, want, Here, U alleen laat my veilig woon.

Ps 5

Maar laat almal wat by U skuil, bly wees, laat hulle altyd jubel. U beskerm die wat U naam lief het, en hulle juig oor U. U laat dit goed gaan, met die regverdige Here. U **goedheid** beskerm hom soos ‘n skild

Ps 8

Here, ons Here, hoe wonderbaar is U naam oor die hele aarde, hoe glansryk alles wat U in die hemelruim geplaas het! Kinders en suigelinge besing die magtige werk wat U tot stand gebring het. As ek U hemel aanskou, die werk van U vingers, die maan en die sterre waaraan U ‘n plek gegee het, wat is die mens dan dat U aan hom dink, die mense kind dat U na hom omsien. U het alles aan hom onderwerp, skape en beeste, alles, selfs die diere in die veld , die voëls in die lug, en die visse in die see wat die oseane deurkruis.

Ps 9:

Met my hele hart wil ek U prys, Here, wil ek van U magtige reddingsdade vertel.
Oor **U** wil ek my **verbly en vrolik** wees. U naam wil ek besing o Allerhoogste. Vir die mens wat in gevaar verkeer, is die Here ‘n toevlug, ‘n skuilplek in tye van nood.
Daarom vertrou almal wat U naam bely, op U,want U, Here, laat die wat vra na U wil nie in die steek nie. Sing tot eer van die Here, die wat op Sion woon, vertel die volke van Sy dade! Hy dink aan die onskuldiges en wreek hulle dood. Hy verontagsaam nie die geroep van dié wat in nood verkeer nie.

Ps 12

Daar is niks vals in wat die Here sê nie. Sy woorde is soos silver, wat oor en oor in die oond gesuiwer is.

Ps 13

Ek hou vas aan U troue liefde. Oor die uitkoms wat U gee, juig my hart.
Ek wil sing tot eer van die Here, omdat Hy aan my goed gedoen het.

Ps 16
Ek het vir die Here gesê: Ek behoort aan U, daar is vir my niks **goeds** nie, behalwe by U.
Here, U is my lewe. U sorg vir my. Wat ek ontvang , kom alles van U af.
'n **Pragtige** deel is vir my afgemeet, ja wat ek ontvang het, is vir my mooi.
Ek sal die Here loof wat my tot die regte insig gebring het; selfs in die nag, bly ek bewus van wat Hy my leer. Ek het die Here altyd by my:omdat Hy by my is, sal ek nie struikel nie. Daarom is ek bly en juig ek en voel ek my veilig. U gee my nie oor aan die dood nie.
U laat U troue dienaar nie in die graf kom nie.
U leer my hoe om te lewe. By U is daar **oorvloedige blydskap.**
Uit U hand kom **net wat mooi** is.

Ps 18
Ek het U baie lief, Here, my sterkte. Die Here is my rots, my skuil plek en my redder, my God, my rots, by wie ek skuil, my skild en my sterk verlosser, my veilige vesting.
U, Here laat my lamp helder skyn; my God gee lig as dit donker is.
Met U hulp loop ek 'n oormag storm, met my God by my, is geen stadsmuur vir my te hoog nie. Wat God doen is volmaak; wat die Here sê, is suiwer. Elkeen wat by Hom skuiling soek, beskerm Hy.
Waarlik, wie anders as die Here is God? Ja, wie anders as ons God is 'n rots?
God omgord my met krag. Hy maak my voorspoedig. Hy maak my voete soos die van 'n ribbok, op hoë plekke laat Hy my stewig staan.
Die Here leef! Ek loof Hom wat my rots is. Ek prys my God wat my gered het. Dit is God wat my die oorwinning gee, wat volke aan my onderwerp.

Ps 20:8
Sommige vertrou op strydwaens en ander op perde maar ons, ons vertrou op die Naam van die Here ons God. Hulle sal struikel en val, maar ons sal regop en vas bly staan.

Ps 23
Die Here is my herder. Ek kom niks kort nie. Hy laat my in groen weivelde rus.
Hy bring my by waters waar daar vrede is. Hy gee my nuwe krag.
Hy lei my op die regte paaie tot eer van sy Naam. Selfs al gaan ek deur donker dieptes, sal ek nie bang wees nie, want U is by my. In U hande is ek veilig.
U **goedheid** en **liefde** sal my lewe lank by my bly en ek sal tuis wees in die huis van die Here tot in lengte van dae.

Ps 24
Die aarde en alles wat daarop is, die wêreld en dié wat daar woon, alles behoort aan die Here, want Hy het die fondamente daarvan in die see gelê en dit stewig gevestig in die waters.
Verbly julle poorte, wees bly eeue-oue deure, want die Koning wil ingaan!
Wie is hierdie magtige Koning? Die Here, sterk en geweldig, die Here, oorwinnaar in elke stryd.
Wie is HY, hierdie magtige Koning? Die Here, die almagtige, Hy is die magtige Koning.

Ps 25
Niemand wat sy verwagting in U stel sal beskaamd word nie. In U stel ek elke dag my verwagting .
As iemand die Here dien, leer Hy hom watter pad hy moet kies, sodat hy voorspoed sal geniet en sy nageslag die land sal bly bewoon. My oë is altyd op die Here gerig, want dit is Hy wat my voete uit die vangnet sal hou.

Ps 29
Prys die Here , julle hemelinge! Prys die Here om Sy eer en mag! Prys die Here om die eer van sy Naam. Die stem van die Here weerklink oor die waters.
Die Here Heers oor die water massas. Hy heers vir altyd as koning. Die Here gee krag aan Sy volk. Die Here seën sy volk met oorvloed.

Ps 30
Ek wil U lof verkondig, Here want U het my gered. Sing tot eer van die Here, julle wat Hom getrou dien , loof sy heilige Naam. Waarlik, sy toorn duur net 'n oomblik, maar sy goedheid lewenslank.

Ps 33
Jubel in die Here, regverdiges, sing 'n loflied, opregtes!
Loof die Here met die lier, speel vir Hom op die harp!
Sing vir Hom 'n nuwe lied, speel met volle oorgawe, jubel dit uit!
Wat die Here sê, gebeur, alles wat Hy doen staan vas.
Dit gaan goed met die nasie wie se God die Here is.
Dit is nie deur 'n groot leër dat 'n koning wen nie en nie deur groot krag dat 'n held behoue uit kom nie. Dit is nie waar dat die perd die oorwinning gee nie en dat sy groot krag redding bring nie. Dit is die Here wat sorg vir die wat Hom eer, vir die wat op sy Naam vertrou.
Ons vertrou op die Here. Hy is ons hulp en beskermer. Ja, in Hom is ons hart bly. Op Sy heilige naam vertrou ons. Hou U liefde oor ons, Here, want ons stel ons vertroue in U.

Ps 34
Ek sal die Here altyd weer prys. Sy lof sal op my lippe wees. Ek sal die roem van die Here sing, die wat swaar kry sal dit hoor en daaroor bly wees.
Die wat swaar kry, sien op na Hom en straal van blydskap, hul word nie teleurgestel in hul verwagting nie.
Die Engel van die Here slaan sy laer op rondom die wat die Here dien en red hulle.
Kom ondervind en sien self dat die Here **goed** is. Dit gaan goed met die mens wat by Hom skuil.
Julle wat aan die Here behoort dien Hom. Wie Hom dien het geen gebrek nie.
Selfs leeus ly gebrek en kry honger, maar wie die Here se hulp vra, kom niks kort van alle goeie dinge nie. Al word die regverdige ook deur hoeveel rampe getref, die Here red hom uit almal.
Die Here sorg vir die hele liggaam van die regverdige: geen been word gebreek nie.

Ps 36
Hoe kosbaar is U trou, O God. U beskerm die mense wat by U skuil. In U huis geniet hul oorvloed. U laat hul drink uit die strome van U goedheid. U is die bron van die lewe, deur U lig lewe ons.

Ps 37
Vind jou vreugde in die Here en Hy sal jou gee wat jou hart begeer.
Laat jou lewe aan die Here oor en vertrou op Hom; Hy sal sorg. Hy sal jou onskuld laat deurbreek soos die son, jou reg soos die helder lig van die middag.
Die Here sorg vir die lewe van die opregtes, en wat hulle besit, sal hulle behou solank hul lewe. In tyd van nood sal hul nie verleë staan nie, in tyd van gebrek sal hulle genoeg hê.
Die Here bepaal die koers van die mens met wie se pad Hy tevrede is en Hy ondersteun hom. As so iemand val , bly hy nie lê nie want die Here help hom op.
Die regverdige sal die land besit en altyd daarin woon. Wat die regverdige praat, is wysheid, wat hy sê, stem ooreen met reg. Die openbaring van sy God is in sy hart, sy koers is nie onseker nie.

Ps 40
Ek het gesmag na die hulp van die Here. Hy het na my toe afgebuig en my hulp geroep gehoor. Hy het my ‘n nuwe lied in my mond gelê, ‘n loflied vir ons God. Baie sal daarvan hoor en Hom die eer toe bring. Hulle sal op die Here vertrou.
Here, my God, U het baie wonderlike dinge gedoen; U dink altyd aan ons; daar is niemand soos U nie. Ek sou daarvan wou vertel en daaroor praat, maar dit is te veel om op te noem.
Om U wil te doen my God is my een begeerte, U woord is my hele lewe. Met blydskap het ek aan die gemeente vertel. U het my verlos. Ek het nie stilgebly nie Here, U weet dit. Oor U goedheid en trou het ek in die gemeente nie stil gebly nie.

Ps 44
Dit is nie met die swaard dat U volk die land in besit geneem het nie, nie deur hul eie mag dat hulle die oorwinning behaal het nie, maar deur U **krag**, U **mag** en U **teenwoordigheid**, omdat U hulle liefgehad het.
Op my boog vertrou ek nie en my swaard sal my die oorwinning nie gee nie, want dit is U wat ons die oorwinning oor ons teenstanders gegee het en ons vyande die aftog laat blaas het. Ons het God die hele dag deur geprys en sy naam altyd deur geloof.

Ps 47
Al julle volke, klap julle hande; juig tot eer van God met ‘n jubelende stem, want aan die Here, die Allerhoogste, kom eerbied toe; Hy is die koning oor die hele aarde.
Prys God, prys Hom met Psalms, prys ons koning, prys Hom met Psalms!
God is koning oor die hele aarde, sing vir Hom ‘n lied. God is koning oor die nasies, God is op Sy heilige troon. Hy is bo almal verhewe.

Ps 50
Lof is die offer wat jy aan God moet bring. Betaal jou geloftes aan die Allerhoogste. Roep My aan in die dag van benoudheid. Ek sal jou uit help en jy sal my eer.
Die mens wat my eer , is die een wat lof as ‘n offer bring. Hy wat reg lewe vir hom sal Ek red.

Ps 52
Maar ek staan sterk soos ‘n welige olyfboom, ek is in die huis van God en ek steun altyd daarop dat Hy vir my sorg. Ek sal U altyd loof, vir wat U gedoen het. Voor U dienaars sal ek u naam prys, want U is God.

Ps 55
Laat jou sorge aan die Here oor, Hy sal vir jou sorg. Hy sal die regverdige nie in die steek laat nie.

Ps 56
Die dag as ek bang word, vertrou ek net op U. In God wie se woord ek prys, in God stel ek my vertroue, ek is nie bang nie. Wat kan ‘n blote mens aan my doen.
Dit weet ek, God is aan my kant. In God wie se woord ek prys , in die Here, wie se woord ek prys. In God stel ek my vertroue, wat kan ‘n mens aan my doen

Ps 57
Ek wil ‘n lied sing, ja, ek wil sing. Ek wil vroeg opstaan, met harp en lier, wil ek die rooidag wakker maak. Onder die volke wil ek U loof, Here, onder die nasies u lof besing. Want U liefde reik tot in die hemel, U trou tot in die wolke.

Ps 59

Maar ek sal sing van U mag. Elke more sal ek jubel oor U trou. Want U is vir my ‘n veilige vesting. ‘n skuilplek in tyd van nood. Tot U eer wil ek sing, U, my sterkte want U is my veilige vesting. U is my troue God.

Ps 65
U maak die ploegvore vol water en die kluite nat. U laat hulle sag word van die reëns, U laat alles welig groei.
U kroon die jaar met U goeie gawes. Waar U ook gaan , is daar oorvloed. Daar is volop weiding in die woestyn, die bulte juig, die velde wemel van die kleinvee, die vlakte staan vol koring, hulle juig en hul sing.

Ps 66
Juig tot eer van God, almal op aarde. Sing tot roem van sy naam, gee Hom die eer wat Hom toekom. Bely voor God. Hoe ontsagwekkend is u werk. U mag is groot, U vyande kruip voor U. Alle mense moet voor u buig, Hulle moet sing tot U eer, hulle moet sing tot eer van U naam.
Kom hoor wat God gedoen het, kom hoor van Sy magtige dade.

Ps 68
Maar vir die regverdige sal daar blydskap wees, hulle sal juig voor God. Hulle sal vrolik en bly wees.
U het oorvloedige reëns laat uit sak, o God, U het u verdorde land weer lewe gegee.
Toon die mag, o God waarmee U ons gered het.

Ps 71
By U, Here, skuil ek, laat my tog nooit teleurgesteld staan nie. Want U, Here, U is my hoop. O op U, Here, het ek van jongs af vertrou. U is my hulp van my geboorte af, reeds voor ek in die wereld gekom het, het U my beskerm. U loof ek gedurig deur. Ek is vir baie ‘n wonder, want U is vir my ‘n veilige toevlug.
Ek besing U lof en U roem gedurig deur. Ek, sal gedurig deur bly hoop, ek sal U altyd weer loof.
Sonder ophou sal ek van U verlossingswerk, van U reddingsdade bly praat, want hulle is meer as wat ek kan tel.
Ek kom om U magtige dade te prys,Here my God, die verlossings werk wat net U kan doen.
U het my van jongs af onderrig, O, God en ek getuig nou nog van U kragtige dade.

Ps 81
Ek is die Here julle God, wat julle uit Egipte laat weg trek het.
Wat julle nodig het, sal Ek in oorvloed gee.
Maar vir julle sal Hy voed met die beste koring, julle versadig met heuning uit ‘n rots.

Ps 86
Daar is geen God soos U nie, Here, niks kan met u werk vergelyk word nie. Want U is groot en doen magtige dade, U alleen is God
Met my hele hart sal ek U prys, Here my God, U naam altyd eer, want U liefde vir my was groot, uit die dieptes van die dood het U my gered.
U Here, is ’n barmhartige en genadige God, lankmoedig, vol liefde en trou. Maak my ‘n voorbeeld van U **Goedheid** , sodat die wat my haat, verleë sal moet toesien dat U , Here, my help en vir my uitkoms gee. **Ek is ‘n voorbeeld van die goedheid van God**

Ps 89
Ek sê “ U liefde en trou wankel nooit, dit hou vir altyd stand in die hemel en op aarde”.
U Troon is gebou op **geregtigheid** en **reg, liefde en trou** staan in U diens.

Dit is ons strekte: dat ons U guns geniet. U is my Vader, my God, die rots wat my redding is.

Ps 91

U is my toevlug en my veilige vesting, my God op wie ek vertrou.
Dit is Hy wat my uit die voelvanger se wip hou en jou bewaar van dodelike siekte. Hy beskut jou onder Sy vleuels en is vir jou 'n veilige skuil plek. Sy **trou** beskerm jou aan alle kante.
Jy hoef nie bang te wees vir gevaar in die nag of vir aanvalle oordag, vir pes wat in die donker toeslaan of siekte wat helder oordag verwoesting saai nie.
Al val daar duisend langs jou, tienduisend by jou, vir jou sal niks tref nie.
Omdat jy die Here as skuilplek geneem het, die allerhoogste as jou beskermer, sal geen onheil jou tref en geen plaag naby jou woonplek kom nie.
Hy sal Sy engele opdrag gee om jou te beskerm waar jy ookal gaan. Op hulle hande sal hulle jou dra, sodat jy nie jou voet teen 'n klip stamp nie.
Jy sal oor leeus en adders loop en slange sal jy dood trap.
Omdat hy my liefhet sal Ek hom red, sê die Here omdat, hy My ken, sal Ek hom beskerm.
Wanneer hy My aanroep, sal Ek sy gebed verhoor, in sy nood sal ek by hom wees. Ek sal hom red en hom in sy eer herstel.
'n Baie lang lewe sal Ek hom gee en oor My sal hy hom verbly.

Ps 92

Dit is goed om die Here te loof, om U naam te besing, allerhoogste, om elke more van U liefde te getuig en elke aand van U trou, om dit te doen met snaarinstrumente, met harp en lier.
U groot dade, Here, het my baie bly gemaak, ek wil juig oor wat U gedoen het. Groots is alles wat U doen Here, ondeurgrondelik U gedagtes.
Maar vir my gee U krag soos die van 'n buffel. U laat my 'n oorwinningsfees vier.
Ek kyk op my teenstanders neer, ek luister sonder vrees na die mense wat niks ontsien nie, wat in opstand is teen my.
Die regverdige sal sterk wees soos palm bome, soos die hoë seders op die Libanon. Hul vind hul krag in die huis van die Here en groei op in die temel van ons God.
Selfs in hul ouderdom sal hul nog toeneem in krag. Hulle sal fris en lewenskragtig wees.
Hy is my rots

Ps 95

Kom laat ons jubel tot eer van die Here. Laat ons juig oor die rots by wie ons redding vind, laat ons na Hom toe gaan met lof, laat ons Hom toejuig met lofsange, want die Here is die magtige God, die koning oor al die gode.
Die dieptes van die aarde behoort aan Hom. Die kruine van die berge is syne. Die see is syne, Hy het dit gemaak. Sy hande het die land gevorm. Hy is ons God, en ons is Sy volk, sy kudde, sy skape, deur sy hand versorg.

Ps 96

Majesteit en luister straal van Hom uit, krag en glans vul Sy heiligdom. Prys die Here alle volke, prys die Here om Sy eer en mag.
Die hemele moet bly wees en die aarde moet juig, die see en alles daarin moet druis, die veld en alles daarop moet jubel, al die bome in die bos moet hulle verheug voor die Here, want Hy kom. Hy kom oor die aarde te Heers. Hy sal oor die wereld heers met regverdigheid, oor die volke met billikheid.

Ps 97
Julle het die Here lief, haat dan wat sleg is. Hy bewaar die lewe van sy troue dienaar. Hy red hulle uit die greep van die goddelose. Vir die regverdige het daar lig gekom, blydskap vir die opregtes. Wees bly in die Here, regverdiges prys Sy heilige naam.

Ps 100
Juig tot eer van die Here, almal op aarde. Dien die Here met blydskap, kom voor Hom met gejubel.
Erken dat die Here God is. Hy het ons gemaak en ons is syne. Ons is Sy volk, Sy eie kudde.
Gaan Sy poorte binne met dank liedere, Sy temple met lofsange. Dank Hom, prys SY naam, want die Here is goed, aan Sy liefde is daar geen einde nie, Sy trou duur van geslag tot geslag.

Ps 103
Ek wil die Here loof, met alles wat in my is, wil ek Sy heilige naam loof. Ek wil die Here loof en nie een van Sy weldade vergeet nie.
Dit is Hy wat al my sondes vergewe. Wat al my siekte genees, wat my red van die graf en my met liefde en ontferming kroon, wat my die goeie in oorvloed laat geniet en my die jeugdige krag van die arend skenk.
Want so groot soos die afstand tussen hemel en aarde is, so groot is Sy liefde vir die wat Hom dien.
So vêr as die ooste van die weste af is , so vêr verwyder Hy ons oortredinge van ons af.
Soos ‘n Vader Hom ontferm oor sy kinders, so ontferm die Here Hom oor die wat Hom dien.
Loof die Here magtige engele wat Sy opdragte uitvoer, Sy bevele gehoorsaam. Loof die Here alle hemel wesens wat Hom dien en Sy wil doen. Almal wat deur Hom geskep is, loof die Here, op al die plekke waar Hy heers.

Ps 104
Ek wil die Here loof. Here my God, U is baie groot. U is beklee met koninklike luister. Ek wil tot eer van die Here sing, solank ek lewe. Ek wil die lof van my God besing, solank ek daar is. Ek wil my in die Here verbly.

Ps 105
Loof die Here. Roep Hom aan. Maak aan al die nasies bekend wat Hy gedoen het. Sing liedere, sing tot Sy eer, vertel van al Sy magtige dade. Roem in Sy heilige naam, laat die wat die teenwoordigheid van die Here soek bly wees.

Ps 106
Prys die Here. Loof die Here, want Hy is goed. Aan Sy liefde is daar geen einde nie. Wie kan die magtige dade van die Here onder woorde bring. Wie kan Sy lof ten volle verkondig.
Dit gaan goed met die mense wat die reg handhaaf, wat by elke geleentheid geregtigheid doen.

Ps 107
Loof die Here want Hy is goed, aan Sy liefde is daar geen einde nie. So moet die mense sê wat deur die Here bevry is, die wat Hy uit hulle nood bevry het.

Ps 111
Met my hele hart wil ek die Here loof in die samekoms van die opregtes, in die gemeente.
Die werke van U hande is groot, almal wat daarin vreugde vind, dink daaroor na.
Sy dade is vol majesteit en luister, Sy trou staan vir altyd vas.
Hy sorg dat sy magtige dade nie vergeet word nie. Genadig en barmhartig is die Here.
Hy voed die wat Hom dien, Hy hou sy verbond altyd in stand.
Wat Hy doen getuig van trou en reg, al sy voorskrifte staan vas, hulle is vir altyd geldig.

Sy naam is heilig, dit wek ontsag. Wysheid begin met die dien van die Here, almal wat dit doen, het ware insig. Die roem van die Here hou altyd stand.
Met my hele hart wil ek die Here loof. Sy dade is vol majesteit en luister, Sy trou staan vir altyd vas. Wat Hy doen getuig van trou en reg, al sy voorskrifte staan vas, hulle is vir altyd geldig, hulle is gegee in trou en regverdigheid.
Wysheid begin met die dien van die Here. Almal wat dit doen , het ware insig. Die roem van die Here hou altyd stand.

Ps 112
Dit gaan goed met elkeen wat die Here dien,wat al sy vreugde vind in die gebooie van die Here. Sy aansien.nageslag is 'n sterk krag in die land, die geslag van die opregte word geseën: daar is oorvloed en rykdom in sy huis. Wat hy doen, is reg en blywend.
Die regverdige sal nooit wankel nie, hy sal altyd onthou word. Vir slegte tyding is hy nie bevrees nie, hy is gerus, hy vertrou op die Here. Hy voel hom veilig, hy is nie bevrees nie, hy sal die neerlaag van sy vyande aanskou.
Hy gee mildelik vir die armes. Wat hy doen is reg en blydend. Hy geniet hoë aansien.

Ps 113
Die naam van die Here moet geloof word, nou en vir altyd. Van waar die son op kom, tot waar dit ondergaan, moet die naam van die Here geprys word. Hoog bo al die nasies heers die Here, Sy mag strek selfs oor die hemele. Wie in die hemel of op die aarde, is soos die Here ons God? Wat hoog woon en hieronder alles sien.

Ps 115
Nie aan ons nie, Here, maar aan U naam kom die eer toe, want dit is U wat liefde en trou bewys.
Die Here dink aan ons: Hy seën die huis van Israel, Hy seën die huis van Aäron. Hy seën die wat Hom dien, klein en groot.
Mag die Here jul seën, Hy wat die hemel en aarde gemaak het. Die Hemel is net vir die Here, maar die aarde het HY aan die mens gegee.

Ps 118
Die Here is by my, ek ken geen vrees nie; wat kan 'n mens aan my doen? Die Here is by my, Hy help my, ek sal neerkyk op die wat my haat.
Die Here is my krag en my beskerming. Dit is Hy wat my gered het. Die Here doen kragtige dade, die Here triomfeer. Dit is die **DAG** wat die Here gemaak het, laat ons daaroor juig en bly wees.
U is my God, U wil ek loof; my God, U goedheid wil ek besing. Loof die Here, want Hy is goed. Aan Sy liefde is daar geen einde nie.

Ps 119
vs (54) U voorskrifte is vir my 'n lied in my lewe hier op aarde.
vs(103) Hoe aangenaam is U woorde , soeter as heuning in die mond.
vs(105) U woord is 'n lamp wat my die weg wys, die lig op my pad.

Ps 121
Ek kyk op na die berge: waarvandaan sal my hulp kom. My hulp, kom van die Here wat hemel en aarde gemaak het. Hy sal nie toelaat dat jy struikel nie; Hy wat jou beskerm, slaap nooit nie. Die Here beskerm jou, die Here bewaar jou van alle gevare. Die Here sal jou beskerm teen alle gevaar, jou lewe sal Hy altyd beskerm.
Hy sal jou beskerm waar jy ook al gaan. Nou en vir altyd.

Ps 127
As die Here die huis nie bou nie, swoeg die wat wat daaraan bou, tevergeefs.
As die Here die stad nie beskerm nie, waak die wat dit beskerm , tevergeefs. Tevergeefs dat jul vroeg opstaan en laat gaan slaap, om met moeite ‘n bestaan te maak. Vir die wat Hy liefhet, gee die Here dit in hul slaap.

Ps 135
Ek weet die Here is groot, ons Here is verhewe bo al die gode. Alles wat die Here wil doen, doen Hy, in die hemel en op die aarde, in die see, in al die oseane. Hy laat die wolke opkom oor die horizon. Here, U is altyd daar. U is daar van geslag tot geslag. Die Here behartig die regsaak van sy volk. Hy ontferm Hom oor sy dienaars.

Ps 136
Loof die oppermagtige God
U het die hemel met soveel insig gemaak. Hy gee voedsel aan al wat lewe. Loof die Here van die Hemel.

Ps 138
Ek wil U met my hele hart loof. Laat die gode maar hoor, dit is tot U eer dat ek sing. Ek wil na U heilige tempel toe buig en U naam roem om U liefde en trou, want U het U naam en U woord bo alles gestel. Toe ek U naam geroep het, Het U my gebed verhoor en my nuwe krag gegee.
Al die konings van die aarde sal U loof Here, wanneer hulle U woord hoor. Hulle sal sing oor wat die Here gedoen het, want die mag van die Here is groot.
Ja, al is die Here hoog verhewe, Hy gee om vir die nederige, maar Hy sien van vêr af deur die hoogmoedige.
Die Here sal vir my alles laat goed afloop. Aan U liefde Here is daar geen einde nie. Moet tog nie die werk van U hande laat vaar nie.

Ps 139
U het my gevorm, my aanmekaar geweef in die skoot van my moeder. Ek wil U loof want U het my op ‘n wonderbaarlike wyse geskep. Wat U gedoen het vervul my met verwondering.

Ps 141
Mag my gebed voor U wees soos ‘n wierookoffer, die uitstrek van my hande soos ‘n graan offer in die aand.

Ps 143
Laat my elke more U liefde ondervind, want in U stel ek my vertroue. Wys my die pad wat ek moet loop, want my hoop is op U gevestig.
Leer my om U wil te doen, want U is my God. Laat U goeie Gees my op ‘n gelyke pad lei.

Ps 144
Ek wil tot U eer ‘n lied sing, O God. Tot U eer wil ek sing. Mag ons seuns wees soos plante wat hoog groei in hul jeug, ons dogters soos hoek pilare uitgebeitel soos vir ‘n paleis.
Mag ons skure vol wees en oorloop van kant tot kant. Mag ons kleinvee in hul duisende aan teel in hul tienduisende vermenigvuldig op ons weivelde. Mag ons beestrop ‘n groot kalwer oes oplewer. Dit gaan goed met die volk wie se God die Here is.

Ps 145
Ek wil U lof verkondig my God en koning. Ek wil U naam altyd loof. Elke dag wil ek U loof, ek wil U naam altyd prys. Die Here is groot , alle lof kom Hom toe, sy grootheid is ondeurgrondelik.

Geslag na geslag prys wat U doen en vertel van U magtige dade, van die luister, die heerlikheid, van U majesteit. Ek wil getuig van U magtige dade, sodat die mense oor U wonderdade sal praat.

Ps 146
Ek wil die Here prys. Ek wil die Here prys so lank as ek lewe, ek wil die lof van my God besing solank ek daar is. Dit gaan goed met die mens wat sy hulp van die God van Jacob ontvang, die mens wie se hoop gevestig is op die Here , sy God.

Ps 147
Dit is goed om tot lof van ons God te sing, dit is ‘n genot om die loflied te sing wat Hom toekom.
Sing vir die Here ‘n dank lied, sing tot eer van ons God met begeleiding van die lier.
Die Here stel prys op die wat hom dien, die wat hulle hoop vestig op Sy trou.
As U die aarde ‘n bevel gee word dit vinnig uitgevoer.

Ps 151
Daar is net twee reëls tot ‘n suksesvolle lewe :
Reël 1 : wees vergenoed, dankbaar en laat Sy lof altyd op jou lippe wees.
Reël 2 : Moet nooit ooit reël een vergeet nie.